**Donderdag: 21 September**
**Skrifgedeelte: Handelinge 8:26-40**
**Fokusgedeelte: Handelinge 8:30**
**"Verstaan u wat u lees?"**

Die Jode was hiper-nasionalisties ingestel. Hulle het vergeet dat God vir Abraham gesê het dat "in jou sal al die volke van die aarde geseën wees" (Gen. 12:3). Selfs nadat Christus sy dissipels drie jaar onderrig het en hulle die opdrag gegee het om "dissipels van al die die nasie te maak", kom hulle nog ná sy opstanding en vra: "Here, is dit nou die tyd dat U weer die koninkryk vir Israel gaan oprig?" (Hand. 1:6). Al wat vir hulle getel het, was Israel en net Israel. Hulle het vergeet dat die hele aarde en al sy mense aan die HERE God behoort. Hulle ontmoeting met die nie-Joodse Samaritaanse vrou en dat baie Samaritane in Jesus begin glo het (Joh. 4; vgl. Hand. 8:4-25).

*"Verstaan u wat u lees"?*

In Handelinge 8 vertel Lukas ons van die ontmande man uit Afrika wat Jerusalem besoek vir gebed; dus was hy 'n gelowige, want hy bid en lees sy Bybel. Maar skielik steek hy vas, hy lees en lees, maar verstaan nie wat hy lees nie. Hy lees onder andere van iemand wat soos 'n skaap ter slagting gelei word, maar hy verstaan nie wat dit beteken nie.

Skielik sluit daar by hom 'n onbekende man aan en begin vrae stel. Die man se naam is Filippus, en hy vra: "Verstaan u wat u lees?" Die Etiopiër trek al by Jesaja 53, maar hy verstaan nie waarna dit verwys nie. Die man uit Afrika verstaan niks van wat hy lees nie, en Filippus begin om die evangelie van Jesus aan hom te verkondig. Die skaap sien op Jesus Christus wat aan die kruis vir ons sondes sterf. Die man sien skielik water en versoek om gedoop te word, wat Filippus dadelik doen. Die man uit Arika reis verder met groot blydskap na sy vaderland en verkondig daar die evangelie van God se genade in Christus.

*Die evangelie in Afrika!*

God sien nie net Jode raak nie. Die Ou Testament is nie net vir Jode geskryf nie, maar vir alle mense. Dit moet net reg gelees word, dit wil sê vanuit Jesus Christus. Het Christus dan nie ná sy opstanding aan sy dissipels verduidelik dat alles in die Wet en die Profete en die Psalms op Hóm betrekking het en deur Hóm vervul word nie (Luk. 24:44)?

Hierdie leesreël geld natuurlik vandag nog: Lees die hele Skrif in die lig van die gekruisigde en opgestane Jesus Christus, anders sal u die Bybel nooit reg verstaan nie. Hoe lees u die Bybel?

*Sing: Skrifberyming 2-4:1, 3*

*Prof. JH van Wyk (Amie) (emeritus)*